Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger, vennoot en vriend
Desember 2012

# ...ervaar God is daar waar ookal JY is !



**Op 'n snikhete somersdag gaan stap ons by Hoekwil naby Wildernis in die woud! Die Afrika son bak onverbiddelik maar die oomblik toe die hoë dak bome hul arms beskermend bo ons toevou word dit 'n koele lafenis en al die sintuie word geprikkel! Die reuke is uniek aan die woud en die klanke van sonbesies en voëls pragtig, die prentjie om ons is 'n kunstige palet van groene uit God se skilderkwas. God se skepping is "WOW" en hier in die bos openbaar Hy toe weer aan my 'n paar waarhede wat ek graag deel.**

1. **SIEN JY WAT GOD JOU WIL WYS?**Soos wat ons stap hoor jy voëls sing in die hoogste toppe...maar jy sien hulle nie daar raak nie. Hier en daar is daar skoenlappers en God bederf ons met 'n klein paddatjie wat wegkruip in die bos. Dis asof God vir my wil sê: **"Kyk mooi om jou en as jy rustig raak** (soos nou tydens vakansie en die gejaag bietjie stop) **sal jy sien dat EK jou altyd wil bederf met mooi dinge en kosbare oomblikke as jy net jou oë wil oopmaak"** **Wees dus dankbaar oor elke dag wat uit God se hand kom en wat Hy jou bied daardie dag Die woorde van** Psalm 118:24 moet ons leuse wees: **"This is the day which the Lord has brought about; we will rejoice and be glad in it."**



**2. WAT KAN GEEN BLOMME BETEKEN?**Tydens meeste van my stappies in die Kaap word die sintuie prikkel met 'n oorvloed van blommeprag in die berge waar fynbos welig groei of op Weskus waar veldblomme soos 'n veelkleurige tapyt uitgerol is. So 'n ent die bos in het ek besef dat daar baie min blomme groei. Wat sou God hierdeur wil sê? Natuurlik is die omstandighede hier nie ideaal nie en kan die sonstrale nie die vloer bereik waar die blomme sou kon groei nie..

So is dit ook in ons lewens: **Soms is jy in die "woud" waar God met jou werk en koester en laaf en voed en net genoeg kleur gee om jou steeds gefokus te hou op Hom en die proses waardeur Hy jou neem.** Dalk is God besig om **jou te snoei** soos Maleagi 3:3 **"He will sit as a refiner and purifier of silver, and He will purify the priests, the sons of Levi, and refine them like gold and silver, that they may offer to the Lord offerings in righteousness"** sodat jy beter en meer vir Hom kan doen en beteken. Hy wys my ook hier dat in die "woud" tye Hy wil hê **jy moet rus** soos Jesus Sy dissipels geleer het in Markus 6:31 **"And He said to them, [As for you] come away by yourselves to a deserted place, and rest a while.." AMP**




**Hierteenoor is die "berg en veld" tydperk waarin jy jou kan bevind waar helderkleurige blomme en veelkleurige voëls en voorspoed en geluk uit God se hand jou toegedeel word.**Dan voel dit mos of Hy op jou afskyn soos **psalm 67:1 "GOd be merciful and gracious to us and bless us and cause His face to shine upon us and among us" AMP.** Geniet hierdie tye en loof God daarvoor, Hy voorsien altyd!



**MAAR wys God my toe: maak nie saak in watter seisoen jy jou nou bevind nie God IS daar en sal jou nooit alleen laat nie of daar nou "blomme" en sonskyn is of net koel woude!**

**Bid saam met Arthur Burk die seën gebed oor God : Ek seën jou om na die teenwoordigheid en guns van jou Vader meer as na die gemak van die lewe te streef. Ek seën jou met 'n hart wat sê dat jy op Sy hulp of nie sonder jou Vader se teenwoordigheid in jou lewe kan wees vir vervulling, vreugde en vrede nie. Ek seën jou om nie 'n oomblik te leef sonder die besef dat jou Vader daar is, en dat geen van jou behoeftes of begeertes spanning kan plaas op Sy hulp of gewilligheid om jou Sy heel beste te gee nie.**

**Dankie vir elkeen se insette in Hey! se bediening: jou gebede, finansies, ondersteuning, omgee, word waardeer!
Dankie ook aan ons gesinne ! Hou ons asb in jul gebede vir wysheid elke dag. Celeste Steinmann 082 322 5299**